

Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad




# Die O.B.




VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 27 JUNIE 1945. No. 31.

# Konsentrasiekamp Word Deel Van Unie-Reg

## GEVANGESETTING SONDER VERHOOR IN VREDESTYD

## Politici Aanvaar dit Swygend

**Op 14 Mei het die politieke speurders van dr. Colin Steyn sewe jong Afrikaners in hegtenis geneem in verband met die inbraak in die kantoor van die interneringsbeampte. Sommige van hulle is later weer gelos, maar vier is vir drie weke lank aangehou sonder enige aanklag teen hulle. Toe het hulle begin staak om te eet in 'n poging om die owerheid te dwing om hulle voor 'n hof aan te kla. Een van hulle is daarop vir 'n ander oortreding aangekla en is op £10 borgtog vrygelaat.**

**Nadat twee van hierdie manne, J. du Plessis en J. Labuschagne, veertien dae lank sonder kos was — aanvanklik het die tronkowerheid selfs geweier om vir hulle drinkwater te gee — is hulle na 'n konsentrasiekamp te Baviaanspoort ontvoer.**

Hierdie manne is dus meer as 'n maand lank sonder aanklag in selle opgesluit gehou, bloot op grond van agterdog van die een of ander politieke speuerder, 'n agterdog wat op sulke skrale gegewens moet berus dat dit onvoldoende is om selfs 'n aanklag voor 'n hof te regverdig. 'n Magistraat sou dit blykbaar onmiddellik verwerp het.

Volgens die gewone landswet moet 'n misdadiger binne 48 uur aangekla of vrygestel word, en tot tyd en wyl hy deur 'n hof skuldig bevind is, word hy as onskuldig beskou. **Ons moet dus aanneem dat hierdie twee manne onskuldig is, en vir die volk sal hulle onskuldig wees en bly totdat die regering hulle skuld in 'n hof bewys.**

Die agterdog teen hierdie manne — indien daar selfs 'n agterdog is — staan in geen verband met die oorlog nie. Nogtans matig die regering hom die reg aan om hierdie manne in 'n konsentrasiekamp te smyt sonder verhoor of aanklag. Dit gebeur in vredestyd.

**Dit is 'n presedent wat geskep word wat die vryheid van elke burger bedreig. Voortaan mag dr. Steyn se speurders enige burger vang en in 'n konsentrasiekamp sit na willekeur. Dit gebeur in Rusland sedert die kommunistiese bewind aldaar. Dit gebeur in Suid-Afrika sedert dr. Colin Steyn erepresident geword het van die Bond van Sowjet-vriende.**

### GOEDKEURING

Diegene wat oor hierdie verkragting van die reg swyg, heg hulle swygende goedkeuring aan die invoering van 'n beginsel wat in die donker eeue gegeld het, toe niemand se vryheid gewaarborg was nie.

Dit is opvallend dat die Engelse koerante aanvanklik geen berigte oor hierdie regsvergryp geplaas het nie, en dit na 'n maand aangehaal het as gewone nuus — een het 'n berig geweier met die ekskuus dat dit „niks nuuts" is nie. Met uitsondering van Die Transvaler wat 'n hoofartikel geskryf het waarin hy gekla het dat wat vandag met hierdie manne gebeur, more ander te beurt kan val, **het die H.N.P.-pers 'n maand lank hulle oë gesluit gehou vir hierdie miskenning van die reg. Die groot vergadering in die Pretoria-stadsaal, wat op die negende dag van die hongerstaking gehou is, is deur die Nasionale koerante verswyg. Eers toe die manne geïnterneer is, het hulle kort beriggies geplaas.**

**Die opposisie-leiers het tot nou nog geen woord van protes teen hierdie onwettige optrede geuit nie. Hulle is die mense wat teen die O.B. oorlog voer omdat hy dan glo met konsentrasiekampe sou wil regeer.** Hulle swyg egter wanneer die huidige „demokratiese" bewind doen **wat hulle voor vrees! Waarom?**

Sou dit wees omdat hulle vreespropaganda vir die O.B. daarmee sal

(Vervolg in volg. kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

verval deurdat die volk sou sien dat verkragting van die menslike vryheid ook onder 'n parlementêre demokrasie kan plaasvind en dus nie juis noodwendig aan 'n stelsel kleef nie?

**Of is dit omdat hulle sulke optrede goedkeur wanneer dit vermoedelik O.B.-ondersteuners is wat vervolg word? Indien ja, moet ans dan aanneem dat hulle dieselfde middels teen die O.B. gaan aanwend as hulle aan bewind sou kom?**

# Die K.G. Sê Dit Is:

## „Politieke Lafhartigheid"

**Die Kommandant-generaal het onderstaande verklaring uitgereik nadat die regering die twee hongerstakende Afrikaners na 'n konsentrasiekamp laat stuur het omdat hy geen aanklag teen hulle kan inbring nie:**

Op 14 Mei is Johannes du Plessis en Johannes Labuschagne tesame met sowat vyf ander Afrikaners in hegtenis geneem kragtens noodregulasie. Onmiddellik het *Die O.B.* die voorval bekend gemaak. Volgens *Die Vaderland* is — reeds op 18 Mei — deur die polisie meegedeel dat die manne vir ondervraging aangehou is **en dat hulle te eniger tyd aangekla kan word.**

Hieruit blyk dat die menere in die regering wat glo vir die Christendom en die vier vryhede geveg het, en wat heeldag praat van Duitse konsentrasiekampe en oorlogsmisdadigers ,reeds voor 18 Mei aan die pers meegedeel het dat die gearresteerdes aangekla gaan word.

Hoe het hulle woord gehou? Soos gewoonlik, d.w.s. hulle het hoegenaamd geen woord gehou nie — **want op 7 Junie was die manne genoodsaak om 'n lewensgevaarlike stap, 'n hongerstaking, te doen ten** einde op hierdie wyse 'n beslissing van die outoriteite af te dwing.

**Nadat hulle veertien dae lank die pyn en swakheid moes verduur — aanvanklik was hulle selfs sonder water om te drink vanweë die regering se weiering — het die kruisridders in die regeringskantore tot 'n beslissing gekom.**

### KONSENTRASIEKAMP

**Wat was hierdie langverwagte beslissing? Om nou die lang beloofde om nou openlik te beweer dat hulle aanklag teen die manne in te bring, deel gehad het in die oorrompeling van die berugte interneringskantoor? Nee, dit was nie die beslissing nie.**

Was dit dan 'n besluit om die manne ná hul lydingsweg van veertien dae eindelik hul vryheid en die terugkeer na hul dierbares te gee? Nee, dit sou vir die politieke inkwisisie te ridderlik gewees het.

**Nee, die beslissing was: As hulle nie bereid is om die inkwisisie langer te duld nie, en as die publiek daar buitekant begin opgewonde raak, kom ons smyt hulle dan in 'n konsentrasiekamp, aàngesien ons nie getuienis het om hulle aan te kla nie.**

Waar regverdigheid gebied dat mens 'n gevangene voor 'n hof bring as mens bewyse het en hom laat los as jy nie bewyse het nie, daar het die politieke polisie, hierdie Jacks-in-office, en die regering wat hulle beskerm, gesê: as jy bewyse het, bring hom voor 'n hof, en as jy nie bewyse het nie, smyt hom in 'n konsentrasiekamp!

**Met hierdie uitvlug het hulle die hof uitgeskakel en tog hul woede geles teen die weerlose Du Plessis en Labuschagne.**

In die ongelyke stryd tussen die twee gevangenes en die regering was twee helde, en die regering was bepaald nie een van hulle nie.

### KRITIEKE TOESTAND

**Een van die hongerstakende gevangenes, J. du Plessis, was in 'n kritieke toestand toe hy na Baviaanspoort verwyder is. Na verneem word, is sy een nier verswak. Sy eggenote is nie toegelaat om hom te sien voor sy verwydering nie.**

# Vrou Wat Kan Sê

Wie het die swaarste gekry: krygsgevangenes in Duitse kampe of geïnterneerdes in Unie-kampe?

'n Kaapstadse vrou wie se man onlangs uit Duitsland teruggekeer het na 'n paar jaar van gevangeskap, en wie se swaer 'n geïnterneerde op Koffiefontein was ,kan die antwoord gee. **Sy verklaar dat sy haar man byna nie herken het nie, so vet en gesond het hy daar uitgesien. 'n Paar weke tevore het sy haar swaer gesien kort nadat hy uit die interneringskamp losgelaat was. Sy kon nie glo dat dit dieselfde man was wat sy voor sy internering geken het nie — so maer en sieklik was hy.**

# Ons Eie Pers!

## Dit kom en u kan u deel bydra

deur aandele te neem in

# Pers-Beleggingskorporasie Beperk

(Geregistreer kragtens die Wet op Maatskappye, nr. 46 van 1926, soos gewysig).

*U GAAN SO SEGGENSKAP EN WAARDE VIR U GELD KRY.*

*Direkteure:* Dr. J. F. J. van Rensburg, mnr. J. A. Smith, dr. F. D. du T. van Zyl, prof. L. J. du Plessis, dr. P. J. Meyer, mnr. R. L. Barry, dr. P. J. Botma, mnr. C. L. de Jager en dr. W. A. Joubert.

NOMINALE KAPITAAL .. .. .. .. .. £125,000

verdeel in 500,000 gewone aandele van 5/- elk.

AANSOEKE WORD NOU INGEWAG VIR 400,000 GEWONE AANDELE VAN 5/- ELK TEEN PARI.

Vir die uitreiking waarvan die toestemming van Tesourie verkry is.

*Die minste getal aandele waarom aansoek gedoen kan word is 20.*

Die Direkteure is nie verplig om die volle getal of enigeen van die aandele waarom aansoek gedoen word toe te ken nie en behou die reg voor om enige aansoek ten dele of in die geheel af te wys sonder opgaaf van redes.

*BETALING VAN AANDELE:—*

Aandele is betaalbaar òf ten volle by aansoek òf in die volgende paaiemente: 10% (d.w.s. 6d.) per aandeel by aansoek, 30% (d.w.s. 1/6) per aandeel drie-maandeliks na toekenning, totdat die aandeel volopbetaal is.

*DOELEINDES VAN DIE MAATSKAPPY:—*

Die Maatskappy is opgerig onder andere om sake te doen in verband met die intellektuele, sedelike en estetiese beïnvloeding en vorming van die menslike gees en beskouings, die verryking van die menslike kennis en die verskaffing van inligting, nuus en ander wetenswaardighede, en alles wat in verband daarmee staan; om korporasies, maatskappye, inrigtings, verenigings of sake vir hierdie doel op te rig, te laat oprig, voort te sit, of om enige bestaande handels- of nywerheidsonderneming of skema in hierdie verband te steun, oor te neem, of uit te voer, en op te tree as finansiers, oprigters van maatskappye, veral in verband met die pers-, drukkers- en uitgewerswese, soos uiteengesit in die Akte van Oprigting.

*Die 15 oprigters het reeds hul vertroue in die saak bewys deur 16,700 aandele te neem.*

*DIT IS DIE GELEENTHEID WAAROP U LANKAL WAG.*

**Hierdie oproep word gerig aan alle blanke Suid-Afrikaners wat sosiale geregtigheid verlang en 'n nasionale eenheidstelsel nastrewe om Kommunisme en die volkskadelike en selfvernietigende partystelsels te bestry.**

Voltooi onderstaande Koepon indien u 'n prospektus en aansoekvorms verlang.

..................................................................

*Die Sekretaris, Pers-Beleggingskorporasie Bpk.,*
Groote Kerkgebou 701, Posbus 1411, Kaapstad.

Stuur my asseblief 'n prospektus en aansoekvorms van Pers-Beleggings-Korporasie Bpk.

Naam..................................................

Adres..................................................

..................................................


# Dr. Colin Steyn en Kie S.A. Se Oorlogsmisdadigers

## OUD-SOLDAAT WYS HULLE AAN: MEER SKULDIG AS BOMGOOIERS

***In 'n brief aan Arthur Barlow se weekblad, wat kort gelede aangedring het op die teregstelling van „oorlogsmisdadigers" 'binne die Unie wat verantwoordelik was vir sabotasie tydens die oorlog, skryf 'n oud-soldaat, P. D. Sheridan, van Johannesburg, dat dr. Colin Steyn, min. Harry Lawrence, min. Strauss en min. Sturrock die eintlike oorlogsmisdadigers is wat opgehang behoort te word.***

***Hy verklaar dat hy en sommige van sy kamerade Arthur Barlow se artikel interessant gevind het, maar dat hulle hul eie mening oor die saak het.***

Hy skryf:

„Dink u nie dat die manne wat sulke pragtige beloftes aan die soldate gemaak het toe hulle hul lewensbloed nodig gehad het, maar nou ná die oorlog hul beloftes nie nakom nie, in dieselfde klas (as die bomgooiers en draadknippers) val nie? **Hulle is kragtens hul erewoord verplig om daardie beloftes na te kom, en hul nalating om dit uit te voer sal 'n baie duursamer uitwerking op die volk hê as die gooi van 'n paar bomme of die knip van 'n paar drade.**

**„Is dit nie 'n gruwelike skande dat teruggekeerde soldate hul vroue en kinders in agterbuurtes, motorhuise en afdakke moet aantref nie, terwyl Harry Lawrence vyf jaar lank tyd en die mag daartoe gehad het om vir hulle huise te bou nie?** Kyk in die koerante na die wanhopige advertensies van soldate en hul gesinne op soek na 'n onderdak . . .

„En wat van min. Strauss wie se verwarde vleisskema verwagtende vroue verplig het om ure lank in toue te staan?

### HONGERLOON

„En wat van min. Sturrock wat hande-geskud het met gewonde en siek soldate by die vyfde ongevallestasie te Gil-Gil en gesê het: ,Julle terugkerende soldate hoef niks te vrees nie; vir julle sal gesorg word by jul terugkoms in die Spoorweë?' **Ek was een van die teruggekeerde soldate wat op die Spoorweë gewerk het wie se aansoek om in die ammunisie-fabrieke te werk, van die hand gewys is en nou twee kinders met £13 per maand moet onderhou.** Wat van 'n ander soldaat, wie se naam en adres ek kan verstrek, wat vyf kinders moet onderhou en om en by £20 per maand verdien? Sy aansoek om 'n beter werk is oor die hoof gesien. **En tog is hy so'n bekwame man dat spoorwegamptenare hul motors aan hom gee om te herstel in plaas van aan 'n garage omdat hy 'n aangebore werktuigkundige bekwaamheid besit.**

### COLIN STEYN

En ten slotte, wat van dr. Colin Steyn, wat sy oë sluit vir 'n misdaadvloed? Moet ons terugkeer om ons vroue in gevaar aan te tref? Behoorlike polisiewerk is noodsaaklik, **maar wie kan daarin slaag om enige intellektuele man te beweeg om te werk wanneer die betaling feitlik krimineel is? Die polisie neem hul lewe in hul hand elke keer dat hulle uitgeroep word. Die onlangse dood van 'n konstabel en verwonding van twee manne is n voorbeeld hiervan. Hierdie man was 'n teruggekeerde soldaat. Was dit die brawe nuwe wêreld** waarvoor hy geveg het?

„Ons, die teruggekeerde kamerade van hierdie man, sal nie hierdie dinge gou vergeet nie.

**„Mense wat sulke misdade blywend gemaak het teenoor diegene wat vir hulle geveg het, mense wat misdade teen ons kinders en geliefdes wat agtergebly het, blywend gemaak het, is die ware oorlogsmisdadigers van Suid-Afrika!"**

## CHURCHILL ERKEN SWAKHEID VAN PARTYSTELSEL

Dit moet vir elke mens duidelik wees dat 'n volk wat in 'n voortdurende toestand van burgeroorlog verkeer, tot magteloosheid moet verval. **Die partypolitiek met sy vyfjaarlikse kragmeting by die stembus tussen opswepende en kwaadstokende politieke partye, veroorsaak so'n kroniese staat van burgeroorlog. Daarom dat elke land wat die partystelsel aanvaar, uiteindelik ten gronde gaan.**

Ook Churchill besef hierdie gevaar deeglik waar hy kort gelede teen die verkiesings in Engeland gewaarsku het. Hy het gesê:

**„Tot tyd en wyl die verkiesing agter die rug is, sal ons stellig vir alle doeleindes verswak teenoor die buitewêreld staan.**

„Ons is nie so baie mense dat ons dit kan bekostig om mekaar vir onbepaalde tyd neer te haal en te verkleineer terwyl ons daarna strewe om die hart van die Britse Ryk en Statebond te wees nie.

**„Ons sal in die oë van die wêreld baie vinnig uitsak indien ons, as gevolg van hierdie verkiesing, in 'n epog van partystruweling verval. En indien die party-hartstogte, -leerstellinge en -strewes ons bestaan geruime tyd oorheers, sal die grootmoondhede op hul weg voortgaan sonder dat 'n enkele Britse stem gehoor word, behalwe in swakke buitelandse kompromisse en skorre tuisgeskille".**

### ALHEIT BEDRYWIG

Op 7 Junie het die Veldkornetskap van Alheit gesellig bymekaar gekom en 'n funksie gehou in die vorm van 'n braaivleisaand. Daar was 'n groot verkoping en die mooi bedrag van byna £30 is ingesamel. Een versierde koek wat opgeveil is ,het alleen sy £11 ingebring.

# DR. MALAN SKOP O.B. LEDE UIT

## Volksidee Verwerp om Partyskap te Aanvaar

### REDES BOTS MET 1941-UITSPRAKE

**„As gevolg van die stelselmatige ondermyning van die Herenigde Nasionale Party deur die O.B.-leiding het die Hoofraad van die Party in Kaapland besluit dat vanaf 15 Junie geen partylid ook lid van die O.B. mag wees nie. Diegene in Kaapland wat nog O.B.-lede is, se lidmaatskap het outomaties op Vrydag 15 deser verval".**

**Met hierdie aankondiging het dr. D. F. Malan sy skeurbeleid waarmee hy, sover dit die O.B. betref, vier jaar gelede begin het, voltooi.**

En met hierdie aankondiging het hy vir goed afstand gedoen van sy volksbeleid van 1941, toe hy saam met ander organisasies geveg het vir, wat hy self genoem het, die „Volksidee" wat binne die demokrasie verlore gaan. Hy skaar hom nou ondubbelsinnig op die party-idee wat nie vra wat ek vir my volk kan doen nie, maar net wat ek vir my party kan doen.

In hierdie aankondiging word as belangrikste rede genoem die „ondermyning deur die O.B.-leiding van die H.N.P."

Wat is hierdie ondermyning? Dr. Malan het self die antwoord in 1941 op Stellenbosch gegee tydens sy eerste aanval op die O.B. toe hy gesê het:

„Die idee word gewek dat dit fatsoenlik is om op politieke gebied te wees, **maar daar is 'n soort stigma aan verbonde as jy te doen het met die partypolitiek".** (Die Burger 28 Aug. 1941).

TEEN VERBROKKELING

**Die enigste ondermyning van die H.N.P. het daarin bestaan dat die Ossewabrandwag die partypolitiek as sodanig verwerp het — en nog verwerp — omdat dit 'n volk verbrokkel tot magteloosheid, en hom beywer het vir volkseenheid, soos drie maande gelede ook nog weer geblyk het uit die uitnodiging aan dr. Malan en ander leiers vir die skepping van 'n volksfront.** Maar omdat dr. Malan se party deel is van die partypolitiek, en dus sal verdwyn deur opname in 'n breëre volksfront, beskou dr. Malan die stryd teen die partypolitiek ook as 'n stryd teen sy eie party. **En hy maak die verbrokkeling van die volk groter en die onmag erger deur nou Afrikaners weg te skop wat in die verlede nog steeds bereid was om vir sy party te stem, maar nou vanselfsprekend dit nie meer sal kan doen nie.**

Omdat hierdie O.B.-lede, wat terwille van volkseenheid nog altyd lid gebly het van die H.N.P. — en selfs ruimskoots tot die party se strydfonds bygedra het — meer geloof het aan VOLKS-eenheid in teenstelling met PARTY-eenheid, en daarom hul gewig by die Ossewabrandwag ingewerp het, word hulle nou uitgeskop. **Maar hierdie houding van hulle is in ooreenstemming met wat dr. Malan vier jaar gelede aan hulle geleer het.** As hy hulle nou om hierdie rede verwerp, is dit hy wat van koers verander het, en nie hulle nie.

DR. MALAN
OOR DEMOKRASIE

In 1941 het die Federale Raad van die H.N.P. 'n brosjure uitgegee met 'n paar groot toesprake van dr. Malan daarin ,en dit is op die buiteblad genoem: „Party se Toekomsbeleid soos deur dr. Malan uiteengesit". Op bladsy vier kom die volgende veroordeling van die parlementêre stelsel voor:

„Wat ook al ten gusnte van die Britse parlementêre stelsel in ander dele van die wêreld gesê mag word, **is dit uit die VOLKSOOGPUNT beskou, in Suid-Afrika in ieder geval 'n mislukking gewees".**

En op bladsy vyftien het dr. Malan gesê dat hy geen beswaar het dat **„die demokrasie soos ons hom ken — of die Britse parlementêre stelsel —" „weggeveeg word nie".** Hy het verder woordeliks verklaar:

„Dit berus op persoonlike en groepe-belange wat teen mekaar bots, 'n Wedloop ontstaan onder die belange ten koste van diegene wat minder sterk georganiseer is. **Daar gaan verlore wat van die grootste belang is — die volksidee, die gees van selfopoffering".**

„EEUE-OUE TRADISIE"

Nou skop dr .Malan se hoofraad Afrikaners uit omdat hulle nog vashou aan hierdie veroordeling van die partypolitieke demokrasie, en verklaar hy woordeliks as volg in Die Burger van 18 Junie:

„In dié verband is daar veral drie groot punte van verskil tussen die O.B.-rigting en dié van die Party wat opnuut beklemtoon moet word:

„(1) **Die Party kleef vas aan die eeu-oue demokratiese tradisie van die Afrikanervolk,** terwyl die O.B .hierdie tradisie ondubbelsinnig verwerp en dit wil vervang met 'n vreemde gesagstelsel".

**Kan die „eeu-oue demokratiese tradisie" meer ondubbelsinnig verwerp word as wat dr. Malan dit in die reeds genoemde aanhalings van 1941 verwerp het?**

Wat meer is, dr. Malan het, volgens bladsy 6 van die brosjure, **ook 'n gesagstelsel vir die Republiek bepleit.** Hy het naamlik gesê: „Dit is soveel te minder nodig (om ons oor die Duitse stelsel uit te spreek) omdat met die stigting van die Republiek die republikeinse regering **in ieder geval geruime tyd volmag moet hê om alles te doen wat nodig is om die Republiek op vaste grondslae te vestig, en om sy dringendste vraagstukke op te los".**

Nou verwyt hy die O.B. dat hy ondemokraties is en 'n gesagstelsel beoog!

Maar die oplossing lê hierin: In 1941 het dr .Malan gestaan op die „volksidee" en daarom was hy toe bereid om saam met die O.B .en ander organisasies te ywer vir 'n republiek sonder partypolitiek. Sedertdien het hy egter weer die **party-**idee aanvaar, en daarom verwerp hy nou die samewerking van volksgenote in ander organisasies omdat, volgens die beginsels van die partypolitiek, jy elke volksgenoot wat nie aan jou party en jou party alleen, behoort nie, moet beveg as 'n vyandsonderdaan. **Want die parlementêre stelsel is 'n stelsel van konstitusionele burgeroorlog. En daarom word 'n Afrikaner wat ook lid van 'n ander organisasie is, as 'n vyand beskou wat uit die midde gewerp moet word, want hy is in vyandsuniform!**



Dr. Malan het sy lede voor 'n keuse gestel, maar die keuse is eintlik die volk s'n, naamlik:

**Kies u vir die VOLKS-idee, of kies u vir die PARTY-idee? Kies u vir volkseenheid, of kies u vir volksverbrokkeling?**

(Kyk ook ons hoofartikel).

### VAT SY GELD EN SKOP HOM UIT


Die uitskop van O.B.-lede uit die H.N.P. op 15 Junie het gepaard gegaan met partypolitieke metodes wat uiters onwaardig is. Soos uit die aanhef van die aankondiging gemerk sal word ,is die besluit eers **'n paar dae ná die uitskopdatum** in Die Burger gepubliseer. Dit was die eerste keer dat in Die Burger van so'n besluit gewag gemaak word. **Die gewone publiek was dus onbewus van hierdie stap.** Hiervan het sekere party-agente gebruik gemaak deur 'n dag of twee voor die vervaldatum nog geld te gaan kollekteer by party-lede wat hulle geweet het die volgende dag deur hulle van die lys geskrap sou word. In een geval het hulle nog £10 van 'n partylid gekry wat die dag daarop uitgeskop is. Of hulle sy stem ook so maklik gaan kry, word betwyfel.



NEEM TOE IN POPULARITEIT

IN 'N VERANDERENDE WÊRELD
Kommando-SIGARETTE
ROND OF OVAAL
WAARDE VIR GELD
BH 2275

AANDAG!!!
Vanaf 1ste Junie
handel
SPRINGBOK-MEUBELS
as
UNIKA MEUBELS
(EIENS.) BPK.
Huis en Kantoor-Meubileerders
VIR MEUBELS VAN KWALITEIT EN PRAG
Victoriaweg 171
Woodstock
Takbesigheid:
Jan Phillips-gebou — Lady Greystraat, PAARL — Foon 929

ONS JASSE, BAADJIE- EN JUMPER-PAKKE IS VAN BEROEMDE SNYERS
U SAL DIE SNIT EN STYLE WAARDEER
Steyns
DIE DAMESWINKEL
PAROW

RADIO-REPARASIES
en
LUIDSPREKER-DIENSTE
Verandering en verbou van draadlose word onderneem. Verbou van draadlose van A.C. na D.C. of andersom. Ombou van batterystelle na elektriese of elektriese na battery.
P. D. SMUTS
A.M.N. Inst. E.
Hoofstraat 287 — PAARL.



'n Egte Suid-Afrikaanse Produk
Kry dit by u Handelaar of Apteker
Handelsnavrae: INTERNASIONALE KOPERS (EDMS.) BPK., Posbus 3180 - - - - KAAPSTAD

DIE O.B., WOENSDAG, 27 JUNIE 1945.

# Eedverbreking? - - - Ja Wel!

Op 'n oomblik wanneer almal praat van die verdwyning van onderlinge geskilpunte met die oog op die dreigende wêreldgevare, kom dr. Malan en kondig aan dat sy party op 15 Junie alle O.B.-lede in Kaapland uitgeskop het — ja, op 'n tydstip wanneer dr. Malan se eie hoofsweep in die parlement 'n beroep op samewerking van alle groepe doen.

So onseker van sy optrede is dr. Malan dat hy 'n hele kolom wy aan 'n betoog dat hierdie optrede geen eed-verbreking is nie, omdat die O.B.-eed teenoor die volk en nie die O.B. as beweging geneem is nie.

Dr. Malan is volkome reg. Die O.B. het niemand aan homself trou laat sweer nie, want hy wil homself nie verhef nie, dog die volk alleen. Daarom het hy Afrikaners beweeg om 'n eed teenoor hul VOLK af te lê en nie soos dr. Malan, wat sy volgelinge dwing om 'n eed aan die PARTY af te lê nie. Bylaag E van die H.N.P.-konstitusie bevat nl. 'n eed wat o.a. as volg lui:

> „Voor God Almagtig verklaar ek plegtiglik en opregtelik dat ek . . . in die gees van broederskap, saam met my PARTY-genote (let wel: nie VOLKS-genote nie — Red.) die ontwikkeling van Suid-Afrika se volkslewe sal soek langs Christelik-nasionale weg; . . .
>
> „En dat ek nie lid is van enige ander politieke party of politieke organisasie nie".

„MEDE-AFRIKANER"

Die O.B.-eed daarenteen, hoewel binne O.B.-verband, was gerig op die VOLK — net soos sy strewe gerig is op die volk, en daarom kon 'n O.B.-lid terselfdertyd ook lid van 'n ander politieke organisasie wees, want hy het gesweer:

„Ek sal my MEDE-AFRIKANER (en nie party-genoot nie) help en beskerm, hom nooit in die stryd verlaat of aan die vreemdeling en vyand uitlewer nie".

Dr. Malan het hierdie eed nooit afgelê nie, want hy was nooit lid van die Ossewabrandwag nie. Meeste van sy volgelinge het wel. Hy self het egter 'n soortgelyke eed by Monumentkoppie op 9 September 1939 afgelê saam met tienduisende ander Afrikaners, nl. dat hulle mekaar se hande nooit weer sal los nie.

> Nou roep dr. Malan hierdie Afrikaners op om hul mede-Afrikaners in die O.B. nie net in die stryd te verlaat en hul hande te los nie, maar ook te beveg.

Maar dr. Malan het kort ná Monumentkoppie al begin om eedverbreking te verkondig toe hy 'n beroep op die volk gedoen het om die hande te los van hul volksgenote binne die Ossewabrandwag, en hy pas nou hierdie eedverbreking in die praktyk toe deur diegene uit te skop wat nog hul eed probeer hou het saam met die hande van hul volksgenote binne die H.N.P.

Dr. Malan het Afrikaners beweeg om hierdie O.B.-eed te verbreek toe hy op die Paarl in November 1941 aan die vreemdelinge en vyande verkondig het dat die O.B. binnekringe het en 'n rebellie teen die Empire beoog; en toe sy volgelinge hom toegejuig het omdat hy gesê het dat die O.B. „krioel van Smuts se spioene".

Dr. Malan het self sy Monumentkoppie-eed verbreek toe hy in die parlement in 1942 'n verklaring voorgelees en aan die Minister van Justisie oorhandig het waarin twee mede-Afrikaners van aanhitsing tot moord beskuldig word.


BROOD MISGUN

Dr. Malan het sy volgelinge opgesweep tot verbreking van daardie deel van die O.B.-eed wat lui: „Ek sal my mede-Afrikaner help en beskerm" deur opdrag aan sy pers te gee om geen advertensie ten behoewe van die afhanklikes van geïnterneerdes te plaas nie. Toe hierdie mede-Afrikners, wie se enigste oortreding was dat hulle hul volk wou dien, aan honger en ellende uitgelewer was, het dr. Malan se pers die brood uit hul mond geneem deur advertensies ten behoewe van hulle te weier, en in plaas daarvan te verkondig dat hierdie mense rampokkers is.

En ook nou weer dra dr. Malan en sy pers by tot eedverbreking deur die hongerstryd van twee Afrikaners in die Pretoria-tronk vir die volk te verswyg. Sy volgelinge het gesweer dat hulle hul mede-Afrikaner sal help en beskerm, maar as daar 'n vergadering gehou word om die lyding en vervolging van hierdie twee Afrikaners te openbaar, dan verswyg die Malan-pers dit en weier sodoende om hulle in sy beskerming te neem, en belet hy op die wyse dat ander volksgenote aan hulle morele steun kan verleen.

Nee, dr. Malan handel volkome reg — teenoor homself. Hy erken geen eed teenoor mede-Afrikaners nie, dog net teenoor medepartygenote; en hy handel konsekwent daarvolgens. Hy openbaar hom ook wat dit betref volkome getrou aan homself en homself alleen: partypolitikus vir wie daar geen volksbelange bestaan nie, maar net party-belange, geen eed teenoor volksgenote nie, dog net teenoor partygenote en geen verpligtings teenoor 'n volk nie, dog net teenoor 'n party.

# Hulle Het Gesweer om Mekaar Se Hande Nooit te Los Nie



*Sedert die uitbreek van die oorlog, toe die Afrikanervolk in sy tienduisende by Monumentkoppie byeengekom het om sy eenheid en vryheidstrewe voor vriend en vyand te bely, waarvan bostaande foto getuig — het die Ossewabrandwag nog nooit van die ingeslane koers verander nie. Hy staan nog steeds vir 'n verenigde volk, en wend aanhoudend pogings aan om die verdeeldheid wat die partypolitiek sedertdien veroorsaak het, herstel te kry. Drie maande gelede nog het die K.G. weereens 'n skriftelike beroep op die verskillende leiers gedoen om samesprekings te hou en 'n eenheidsfront teen die kommunisme te vorm.*

*Dr. Malan se antwoord in die praktyk hierop was 'n bevel dat alle Afrikaners wat nog lid van die O.B. is, op 15 Junie uit die H.N.P. geskop moes word. Daarmee het hy die eenheidseed van Monumentkoppie — waarvan bostaande foto getuig — verbreek.*

# BELSEN-KAMP VERSLEG ONDER GEALLIEERDE BESTUUR

**Die Belsen-konsentrasiekamp, waarvan die Geallieerde pers maandelank gegril het weens beweerde Duitse mishandeling van gevangenes, het meer agteruitgegaan onder Geallieerde beheer. Dit is wat 'n Joodse beriggewer uit Londen meld aan die Jewish Herald van 15 Junie.**

**Die berig lui dat die Nuwe Sionistiese Organisasie in Londen regstreeks uit die Belsen-kamp inligting ontvang het waarin die erns van die toestand beklemtoon word, en dat die brief as volg lui:**

„Sake het van sleg tot erger geword. Die mense hier — en dit geld ook vir ander kampe — waar voormalige geïnterneerdes nog gehuisves word, moet verwyder word van hul huidige omgewing. Hoewel die voedselrantsoene oënskynlik voldoende is in kalorieë, ly die mense nog honger. 'n Paar maande langer in die kampe sal noodlottig wees . . . Die treurspel is ontsettend. Red hulle van 'n lewende dood!"

'n Paar weke gelede het Die O.B. 'n berig bevat waarin 'n Duitse verpleegster die vermoede uitspreek dat die betrokke kampe geteister word deur 'n gevreesde Russiese siekte wat verhongering veroorsaak. Indien so, hou die Geallieerde propagandiste hierdie feit terug ten einde haat teen die Duitse volk op te wek. Hierdie noodroep nou uit die Belsenkamp onder Geallieerde beheer, gee meer grond vir so'n vermoede. Want waarom word die gevangenes in die kampe gehou?

Tentoonstelling
van
SKILDERYE
deur
PETRUS VAN EMMENIS
in die
KUNSSAAL VAN DIE
VOLKSBLAD-BOEKHANDEL
te
BLOEMFONTEIN
vanaf
23 Junie tot 7 Julie 1945

Bosveld-, Karoo-, Namakwaland- en Vrystaatse landskappe.

Mnr. Van Emmenis besoek ook binnekort Brandfort, Winburg, Kroonstad, Bethlehem en ander Vrystaatse dorpe.

# 'n Nuwe Lente en 'n Nuwe Geluid

## Gees van Toenadering Sterker

(Deur Prof. L. J. du Plessis)

Sedert die weiering deur die ander groepe van dr. Van Rensburg se hernude uitnodiging tot samewerking vir parlementêre doeleindes, het die winter in meer as een sin oor ons toegesak.

Wel het die Ossewabrandwag besluit om selfstandig voort te gaan met die organisasie van 'n sosiaal-ekonomiese front vir volkseenheid en sosiale geregtigheid.

Ook is dit aangekondig dat hierdie front op parlementêre gebied sy invloed sal laat geld ten gunste van 'n verenigende volks- en beroepsverteenwoordiging in plaas van die volksverbrokkelende party-verteenwoordiging.

Maar die weerklank was vereers gering en die winterslaap het oor ons toegesak. Maar toe kom die val van Duitsland en daarmee die skok veroorsaak deur die sigbare nadering van die Bolsjewistiese wêreldgevaar.

Dit het sy uitwerking nie gemis nie, en daar het roering gekom in die doodsbeendere. In die eerste plek het mnr. Pirow bly soek na 'n praktiese weg tot toenadering, en nou kort na mekaar het gekom die pleitrede van dr. Jan Steyn en veral die duidelike keuse vir samewerking deur mnr. Tom Naudé op die laaste dag van die parlementêre sessie.

### TUSSEN VOLKSGENOTE

**Dit is waarlik 'n nuwe geluid en, laat ons hoop, die voorteken van 'n nuwe lente in ons volkslewe, die lente van samewerking nie tussen demokrate nie, maar tussen volksgenote.**

Dat ook mnr. Hofmeyr tot 'n mate sy seën daaroor uitgespreek het, hoef ons nie te hinder nie; want hoewel daar nie veel punte van samewerking met hom gevind sal kan word nie, is daar tog sake waarin ook met hom saamgewerk kan word.

Die gees van die nuwe tyd is om die ou orde te herskep deur 'n algehele re-oriëntasie wat egter begin met die waardering en beklemtoning en bevordernig van al die goeie elemente wat in die instellinge van die ou orde voorhande is.


**As 'n mens eers afskeid geneem het van die ou orde, dan kan jy rustig daarin die goeie uitsoek om daarmee die toekoms te help opbou; as jy vir jouself die partystelsel laat vaar het, dan kan jy die goeie waardeer in al die partye,** ook by mnr. Hofmeyr en mnr. Madeley, al sal daar by hulle nie so veel bruikbaars vir die toekoms te vinde wees nie as moontlik by ander wat al meer op die toekoms gerig is.

### GAAN VOORT

Die nuwe geluid is nou verneem. Ons wag nou op die koms van die nuwe lente.

Wat die Ossewabrandwag betref, hy sal voortgaan om op sy manier die pad na die toekoms te baan, deur woord en daad, maar by die uitbouing van sy sosiaal-ekonomiese front sal hy sekerlik alle moontlike samewerking aan buitestaanders aanbied en van hulle verwelkom, en vir 'n gemeenskaplike volkspolitiek, hoe breed of hoe nou ook al, gesamentlik vasgelê, sal hy saam met alle ander groepe wat daarop hulself mag verenig, in die kragtige spangees van sy dissipline saamwerk.

# POLITIEKE SLAGOFFERS VAN 'N PARTYBEWIND



J. van Zyl Alberts.

**In hegtenis geneem op 22 Maart 1943 kragtens noodregulasies te Pretoria, waar hy rekenmeester by 'n firma was. Is eers op 17 Mei 1943 na Koffiefontein gestuur waar hy tot einde 1944 opgesluit was. Hy is op plaasparool na Dewetsdorp se distrik uitgelaat.**

* * *

„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie".

# PARTYE MOET VIR BEROEPE PLEK MAAK

## Samewerking i p.v. Stryd

**Die volk is moeg en sat vir die burgeroorlog van die partypolitiek waardeur alles verknoei word tot vermaak van die twistende politici. Die volk begin te besef dat hy sy belange baie beter kan dien met 'n stelsel waarin beroepsverteenwoordiging die plek sal neem van die huidige party-verteenwoordiging.**

Gevolglik het Die Burger hom genoodsaak gevoel om in 'n hoofartikel 'n wanvoorstelling te gee van die O.B. se idee van beroepsverteenwoordiging. Die blad publiseer in verband hiermee ook 'n lywige artikel van dr. Gey van Pittius — dieselfde geleerde wat onlangs beweer het dit dit verkeerd is om te sê dat die Transvaalse Republiek geen partystelsel gehad het nie, omdat — in sy eie woorde: „As dit nie was vir die uitlanders, die goudvelde en die oorlog wat die hele staat voor die tyd omver gewerp het nie, sou politieke partye in ALLE WAARSKYNLIKHEID ontstaan het".

Hierdie geleerde betoog nou dat beroepsverteenwoordiging nie so goed is as die „kiesafdelingstelsel" nie, maar aan die end van sy artikel bepleit hy juis wat die Ossewabrandwag beoog. Hy sê die Volksraad is **„nie afgerig en toegerus om oor die fyn besonderhede van vraagstukke te besluit nie", en daarom moet daar permanente rade wees wat die verskillende beroepe by die regering verteenwoordig.** Hy noem dit 'n dringende behoefte: **„Daar bestaan 'n dringende behoefte aan die invoering van bogenoemde beginsels van nouer samewerking in ons nywerhede".**

### NET PARTYE VERTEENWOORDIG

Die O.B. wil juis in hierdie dringende behoefte voorsien deur ons volkslewe in te skakel tot nouere samewerking in plaas van die burgeroorlog van die partystelsel. **Daar bestaan op die oomblik nie so iets soos 'n volksverteenwoordiging nie. Daar bestaan slegs party-verteenwoordiging. Die kiesafdelings word nie verteenwoordig nie; dit is politieke partye wat verteenwoordig word en die kiesafdelings dien slegs as oorlogsterrein — stellings — waar die kragmeting tussen partye plaasvind. En die parlementslid verteenwoordig nie sy kiesers nie, maar sy party. Sy kiesers kan eenparig eis om 'n sekere wet, en as die partykoukus dit weier, mag daardie parlementslid nie daarvoor stem nie.**

In die beleid van die O.B. word ook voorsiening gemaak vir gebiedsverteenwoordiging, **maar dit sal 'n ware volksverteenwoordiging wees,** en die volksraadslid se enigste verantwoordelikheid is teenoor sy volk.

### BEROEPE

Maar daarbenewens word die verskillende beroepe so georganiseer dat hulle vir 'n groot mate selfbesturend is. Die skaapboere besluit self oor die bemarking, verbetering ens. van hul vee, net soos die Mediese Raad by voorbeeld vandag besluit oor mediese aangeleenthede en hul besluite bindend maak vir alle mediese

(Vervolg in vorige kol.)

(Vervolg van volgende kol.)

praktisyne. **Die beroepe stoot hul eie leiers uit wat in 'n beroepsraad of gemeenskapsraad hul belange by die regering verteenwoordig.** Die taak van die regering en die volksverteenwoordiging moet wees om die belange van die volk as geheel te behartig. **Vandag egter is die sogenaamde volksverteenwoorgiding se taak om die eie party-belange te behartig, terwyl die verskillende beroepe geen verteenwoordiging het nie. Die Landbou-unie by voorbeeld, neem jaar na jaar besluite, maar nooit kom daar iets van tereg nie. Dit het al selfs gebeur dat die regering nie eens 'n amptenaar na die kongres van die Landbou-unie stuur nie.**

**In die stelsel wat die O.B. beoog, sal die besluite van die Landbou-unie se bestuur oor hul eie aangeleenthede vanself wet word, mits dit nie bots met die algemene landswette, of deur die regering as in botsing met die algemene volksbelange beskou word nie.**

Die O.B. soek samewerking van die hele volk deur almal 'n plek in die staatsbestuur te gee. Die huidige stelsel skep verbrokkeling en stryd deurdat dit een oorwinnende party, wat lank nog nie die meerderheid kiesers agter hom het nie, aan die hoof stel met **uitsluiting van alle ander groepe en volkskragte.** Dit is 'n stelsel van konstitusionele burgeroorlog, gepaard met onvoorwaardelike oorgawe aan die oorwinnaar.

# Kaalgepluk Deur Politici

**„Die hele program van maatskaplike beveiliging is kaalgestroop en lê hulpeloos — die speelbal van die partypolitiek", het mnr. J. R. Sullivan, L.V., verlede week in Durban gesê met verwysing na die „sombere" rekord van die afgelope parlementsitting. Hy het gesê dat die parlement magteloos was om selfs 70 persent van die program uit te voer. Niks is gedoen in verband met nywerheidsbeplanning, heropbou en vervoer nie, het hy gesê.**

### K.G. OP STERKSTROOM

'n Goed bygewoonde vergadering is op 4 Junie te Sterkstroom deur die K.G. in die Voortrekkersaal toegespreek. Sy toespraak het gegaan oor die kommunistiese gevaar vir die Christendom. Onder die teenwoordiges was ook komdt. Hattingh van Queenstown en hoofkomdt. Bekker van Tarkastad.

Die K.G. is ontmoet by 'n kampvuur die aand, drie myl buite Sterkstroom. Die vergadering is geopen met gebed deur komdt. J. C. Opperman en gesluit met Die Stem. Daarna het 'n aantal Brandwagte 'n koppie koffie geniet saam met die K.G. in die kafee.

'n Verdere gesellige aand is deurgebring by veldkt. P. van Heerden, waar die K.G. oornag het.


# Excelsior Wyne en Brandewyne

Aan EXCELSIOR Wyne is toegeken drie Silwer bekers en verskeie Eerste Pryse op die jaarlikse Westelike Provinsie se Wynskou.

PRYSLYS:

| | Per Bottel in Kissies van 12 Bottels | Per Gelling in 5 Gel. Vaatjies |
|---|---|---|
| **WYNSOORTE:** | | |
| Spesiaal (Soet) | 2/6 | 11/- |
| Wit Jeripigo | 1/9 | 8/6 |
| Rooi Jeripigo | 1/9 | 8/6 |
| Malmsey | 1/9 | 8/6 |
| Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Rooi Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Soet Port | 1/8 | 8/- |
| Port | 1/7 | 7/6 |
| Pontak | 1/7 | 7/6 |
| Worcester Hock | 1/7 | 7/6 |
| Spesiale Sjerrie | 1/7 | 7/6 |
| Sjerrie | 1/6 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie | 2/3 | — |
| **BRANDEWYN:** | | |
| Eureka | 8/6 | — |
| A 1 | 8/- | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Kersie | 6/6 | — |
| Van der Hum | 6/6 | — |
| Creme de Menthe (Peperment) | 7/6 | — |
| Anys | 6/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen | 7/6 | — |
| Suurlemoen | 7/6 | — |
| „COCKTAIL" | 4/- | — |
| **MOSKONFYT** | 1/6 | 6/6 per gell. in 4-gell. blikke |

GELIEWE DAAROP TE LET: — Bestellings word opgemaak van enige verskeidenheid wyn, brandewyn en likeurs, mits dit 'n kissie van 12 bottels is. Moskonfyt word egter net in 12 bottel en 4-gelling hoeveelhede voorsien.

Bestellings word slegs uitgevoer KONTANT MET BESTELLING of KONTANT BY AFLEWERING plus K.B.A.-koste, vry op spoor Vlakteplaats-Stasie. KONTANT PLUS SPOORVRAG moet bestellings vergesel wat op Bushaltes of Haltes afgelaai word, andersins sal bestellings na naaste Stasie versend word.

Die volgende deposito's moet bestellings vergesel nl. 20/- per vaatjie, 5/- per blik en 5/- per kissie met bottels. Gemelde bedrae word vergoed sodra leë inhouers terug ontvang word, spoorvrag betaald na Vlakteplaats-stasie.

**WANNEER LEë INHOUERS TERUGGESTUUR WORD, MOET ETIKETTE NIE VERWYDER WORD NIE. DUPLIKAAT-VRAGBRIEWE VAN AFSENDING MOET OOK AAN ONS GESTUUR WORD.**

Bestel van
EXCELSIOR WYNMAKERY,
(Eien. John Schoeman)
Posbus 1. Foon 902. Telegr.: EXCELSIOR.
VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE

MINNAAR & VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF
Telefoon 2-0212.

!! Fritz Steyn

is die skrywer van ons eerste groot Sakeroman. Vir verdere besonderhede sien ons advertensie in Die O.B. van 10 Julie.

ELKE AFRIKANER SAL HIERDIE ROMAN WIL BESIT.


Hou ons advertensies dop vir verdere aankondigings.

Nuwe Boeke:

- **'n Tuiste vir die Nageslag** deur dr. G. Cronjé, 12/9 posvry. 'n Boek oor rassevraagstukke in Suid-Afrika.
- **Die Damwal** deur Jochem van Bruggen. 'n Nuwe Roman . . 10/- posvry.

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL
Posbus 29 — STELLENBOSCH

# VRIEND VAN DIE GE-INTERNEERDES



Sen. Raubenheimer.

Senator Ign. van Wyk Raubenheimer of Oom Naas, soos almal hom noem en soos hy verkies om genoem te word, is 'n gebore rebel.

**Elke keer wanneer sy volk in opstand teen die Union Jack gekom het, was hy by hulle.**

In 1914 was hy die enigste burger onder komdt. Kok Mentz, vader van mnr. Frans Mentz, L.V., wat geweier het om mee te doen aan die agtervolging van wyle genl. C. R. de Wet by Kraaipan.

Hy was een van die manne wat die glasvenster in Vryburg stukkend geslaan het om genl. De Wet se portret te verwyder omdat daar onderaan gedruk was „Rebel de Wet".

**Hy het homself die grootste opofferings getroos om ons manne uit die kampe en tronke uit te kry. In sy ouderdom het hy selfs dag en nag gewerk om die leed van andere te versag. Deur sy ywer en bemiddeling is talle manne losgelaat. Sy eggenote saam met hom was altyd 'n bron van bemoediging vir die Ossewabrandwag.**

**Veral die Vrystaat sal hom altyd onthou as die persoon wat deur sy ywer genl. C. L. de Jager losgekry het.**

Vryburg-generaalskap ken hom as die persoon wat moes sorg vir die krygsgevangenes van die O.B. in die Regering se kampe en tronke.

Dis deur sy manmoedige optrede dat geen man deur sy bemiddeling anders as eerbaar uit die kamp of tronk ontslaan is nie.

Hy was die krag agter die vyand se linie.

In hierdie sesjarige Republikeinse stryd van die Ossewabrandwag was hy altyd in die brandpunt van die stryd en selfs as gewone brandwag het hy nooit sy plig versuim nie.

Van Oom Naas kan gesê word: Hy het sy plig gedoen!

In die Boere-geskiedenis sal dit aangeteken word.


Genl. C. L. de Jager, Gebiedsleier van die Vrystaat (Gebied C), skryf as volg:

**Toe senator Raubenheimer — Oom Naas — aan die begin van 1942 hom so beywer het vir die gevangenes, is hy versoek om namens alle moontlike toekomstige gevangenes op te tree. Oom Naas het aanhoudend homself op die altaar van vernedering gelê terwille van ons wat agter tralies en drade moes sit. Oom Naas het baie gedoen en het baie harte weer bly gemaak.**

**Langs hierdie weg wil ons ons dank aan Oom Naas uitspreek vir die liefde wat ons in ons leed van hom ontvang het, toe H.N.P.-leiers, wat hulle self Afrikaners noem, stilswygend die optrede van die regering goedgekeur het.**

**As kamerade sal ons ook verder saam marsjeer ter uitvoering van ons leuse: „My God, My Volk, My Land SUID-AFRIKA".**

DIE TWEEDE GROOT TREK



Honderd jaar gelede het 'n handjievol baanbrekers die donker binneland van Suid-Afrika ingegaan om die weg vir die beskawing te baan. Vandag baan Transafrika vir die Afrikaner die weg in die handels- en beroepslewe. Duisende jong Afrikanerseuns en -dogters het reeds sukses behaal deur middel van ons uitstekende gesaghebbende kursusse in Kommersiële en Handelsvakke, in Spoorwegvakke, in Mynwese en Ingenieurswese, in Skryfkuns en Joernalistiek, in Tekenkuns en Advertensiekuns, in Boerderysake, in Radiowese, in ons Persoonlike Sielkundekursusse (Persoonlikheidsontwikkeling, ens.), in ons uitmuntende Vroue-kursusse (Kindersielkunde, Huisbestuur, Kleremaak en -ontwerp, Binnenshuise Versiering), ens. In watter rigting u ook al belang stel, onthou TRANSAFRIKA IS DIE KOLLEGE WAT SUKSES SAL VERSEKER!

TRANSAFRIKAANSE KORRESPONDENSIEKOLLEGES (EIENS) BPK.

EX AFRICA SEMPER QUID NOVI — TA

Die Besturende Direkteur,
Transafrikaanse Korrespondensiekursusse,
Posbus 3512, JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief, sonder verpligting aan my kant, die prospektus van u Kollege.

Ek stel belang in ......................................

......................................

NAAM ......................................

ADRES ......................................

......................................

Beroep .............................. OB. 27/6/45

(Waarby ingelyf is Helpmekaar-Korrespondensiekollege, T.O., en Universiteits-Korrespondensie-Kursusse).

Hoek van
Loveday- en De Villiersstraat,
JOHANNESBURG.
Posbus 3512. Foon 33-7208.

VIR REGS- EN UNIVERSITEITSKURSUSSE SKRYF AAN P.A.K.E., BUS 640, PRETORIA.

# TALRYKE NUWE GENERAALSKAPPE KOM TOT STAND

## O.B.-Gedagte Word Onkeerbaar

**'n Snelle uitbreiding van die Ossewabrandwag — tot so'n mate dat etlike nuwe generaalskappe in die afgelope tyd gestig moes word — en 'n algemene toeloop na die Volksbeweging is onder die feite wat genl. J. A. Smith, Adjunk-K.G. en Organisasieleier van die Ossewabrandwag, in 'n onderhoud verstrek het ná 'n uitgebreide reis deur Transvaal en ander dele van die land.**

Wat Wes-Transvaal betref, een van die mees swak georganiseerde dele van die O.B., het genl. Smith gesê dat hy die mense ryp gevind het vir die O.B.-gedagte en dat die belangstelling uitbrei tot buite die geledere van die Volksbeweging. Hier is egter 'n gebrek aan inskakeling merkbaar, wat binnekort verbeter sal word. Die oortuiging dat die O.B. sy afweerstryd gewen het, heers oral, asook die vasberadenheid om die afweerstryd om te skep in 'n positiewe stryd ter bereiking van ons volksideale. Dit is baie duidelik dat al die valse voorstellings aan die kant van die H.N.P.-leiding slegs die geloof in die saak van die Ossewabrandwag versterk het, het genl. Smith gesê.

### BEROEPSVERTEENWOORDIGING

**Daar bestaan 'n neiging by mense van al die partye om 'n afkeer te kry in die partypolitieke metodes en die partystelsel.** Selfs mense wat nie geneig is om lid van die Beweging te word nie, verklaar onomwonde dat die heil van ons volk en land nie opgeslote lê in partyskappe wat volksverdeeldheid aanmoedig en bestendig nie. **Sonder twyfel het die afskaffing van die partystelsel en in die plek daarvan die invoering van gesonde volksverteenwoordiging op 'n beroepsgrondslag, algemeen posgevat. In alle kringe (behalwe partypolitieke) word die beginsel van beroepsverteenwoordiging as die redding uit die onvrugbare partyverteenwoordiging beskou.**

Die standpunt van die O.B. ten opsigte van volkseenheid buite partyverband wen elke dag meer veld in alle kringe wat voel dat 'n sosiale, ekonomiese en politieke hervorming langs die weg van die sogenaamde demokrasie en kapitalisme onmoontlik is. Hierdie stroom swel aan tot 'n onkeerbare vloed wat alle verset en kleinlike partyskap gaan wegveeg.

### NUWE GENERAALSKAPPE

As voorbeeld het genl. Smith genoem die toestroming in Natal en Oos-Transvaal tot die geledere van die O.B., veral ook van Duitse Afrikaners wat die standpunt van die O.B. getoets gesien het. **Talryke nuwe kommando's is as gevolg daarvan in die lewe geroep. Behalwe dit is deur 'n weinig plaaslike bearbeiding talryke kommando's op die been gebring met die gevolg dat etlike nuwe generaalskappe in die lewe geroep moes word.**

**Waar Rustenburg voorheen uit een enkele generaalskap bestaan het, is hy nou in 4½ generaalskappe opgedeel — die ander helfte is aan Mafeking gevoeg. Middelburg (Tvl.) word 'n nuwe generaalskap; Potgietersrust word afgesny van Pietersburg en Nylstroom om 'n nuwe generaalskap te vorm, terwyl Carolina en Ermelo saam 'n ander vorm. Ook Heidelberg en Vereeniging vorm tans 'n nuwe generaalskap, terwyl binnekort 'n ander een saamgestel sal word uit Christiana, Schweizer-Reneke, Amalia, Vaalharts en Delarey. Dit sal aan Gebied E dan twaalf generaalskappe besorg.**

Generaal Smith het gesê dat hy op sy reis getref is deur die flinke optrede van die O.B.-wag, en veral deur die puik Boerejeug-afdelings van Rustenburg en Brits.

Ook vir die psondeneming van die Ossewabrandwag heers daar dwarsdeur die land die grootste gesdrif. **„As daar ooit 'n gewilde onderneming aan die Boerevolk voorgelê is", het genl. Smith verklaar, is dit hierdie ware volkspers soos onderneem deur Perskor, en beleggings vind plaas selfs deur mense wat dit nouliks kan bekostig.**

### REKORD-OPBRENGS

**Die Ossewabrandwag het vanjaar met Vryheidsdag, 27 Februarie, 'n rekord-bedrag ingesamel vir sy Noodhulpfonds. Die gesamentlike stortings dwarsdeur die land het meer as £5,300 beloop.**

**Saam met die £25,000 wat op 8 Augustus ingebring is, beteken dit dus dat die O.B.-kommando's binne ses maande £30,,000 byeengebring het. Dit is 'n geweldige vooruitgang op verlede jaar se ongeveer £20,000.**

# Winston Churchill Word Nasionaal-Sosialis

## Pleit vir Volkseenheid Teen Partystelsel

Dit is reeds by ons goed bekend dat die eerste minister van Engeland van huis uit 'n bittere teenstander van die kommunisme was en daarom vroeër selfs groot waardering vir die fascisme gehad het. 'n Mens sou dus eigelk verwag het dat hy goedgesnd sou gewees het teenoor die nasionaal-sosialisme. Dit moes ook eigelik so gewees het. Maar blykbaar het hy Hitler se optrede as te gevaarlik beskou vir Engeland se toekoms. Moontlik was die Britse demokratiese tradisie ook nog te sterk by hom, asook die invloed van die Jodedom.

Deur
Prof. L. J. du Plessis

Hoe dit ook sy, noudat die Duitse gevaar vereers uitgeskakel is, en die Russiese gevaar so veel te erger op die voorgrond tree, nou het hy in die eerste plek weer baie kras uitgevaar teen die sosialisme, bedoelende die kommunisme, en in die tweede plek 'n positiewe beleid verkondig wat baie sterk oorhel na die nasionaal-sosialisme, al is dit dan 'n demokraties gekleurde nasionaal-sosialisme.

### VOLKSPROGRAM

Hy verkondig naamlik teenoor die optrede van die Arbeidersparty, met die oog op die aanstaande verkiesing, die volgende grondbeginsels:

(a) **Die party-stelsel moet nie herstel word nie, ten minste nie solank as die noodtoestand voortduur nie.**

(b) Daar moet 'n nasionale eenheidsregering wees, hoewel die parlement sy reg van kritiek moet behou.

(c) Die volk se toekoms moet verseker word deur groter huisgesinne. **„Dis nie 'n partysaak nie. Ingrypende matreëls is nodig".**

(d) Om behoorlike behuising te verskaf, sal die krag van die hele volk ingegooi moet word teen alle teenkanting „van prysringe, monopolieë of ander struikelblokke".

Dit lyk mos al danig baie na wat **die Duitsers nasionaal-sosialisme genoem het, en wat ons miskien sou noem die beleid van die Christelik-sosiale volkstaat.**

As dit so aangaan, sal Churchill as hy die verkiesing wen, deur die Russe seker spoedig uitgeskel word lik 'n nuwe ideologiese oorlog, en 'n meer opregte as tevore, moet begin, hierdie keer teen die Bolsjewisme!

## PARTYSTELSEL IS ONNATUURLIK

● 'n Mens is 'n eenheid, en al sy ledemate werk saam in belang van die liggaam as geheel. **Op die wyse word elke deel ook die beste versorg.**

● 'n Volk is net so'n geheel en ook sy lede moet saamwerk in belang van die geheel, wat vanself ook die welvaart van elkeen afsonderlik sal meebring.

● **Die partystelsel verloën egter hierdie eenheid, want dit organiseer die volk in twee of meer strydende groepe. Die gevolg is dat die volk kwyn en die lede afsonderlik gaan ten gronde.**

as aartsfascis, en dan sal hy moont-

## „Sluit Aan," Sê Partye — „Werk Saam," Sê O.B.

**'n Tipiese beeld van die partypolitiek word gevind in die reaksie van die twee politieke partye, die V.P. en die H.N.P., op die beroep van mnr. Tom Naudé tot groter samewerking op die laaste dag van die parlementsitting. Mnr. Naudé het in die gees van die Ossewabrandwag 'n beroep gedoen op samewerking van alle groepe wat oor die groot vraagstukke eners dink.**

Die reaksie van die H.N.P., by monde van Die Burger, is dat daar geen samewerking met ander groepe kan wees nie, **maar dat almal by die H.N.P. moet kom aansluit** — „in 'n politieke party vir 'n politieke stryd", noem die blad dit.

Die reaksie van die Verenigde Party, by monde van Die Suiderstem, is 'n uitnodiging aan mnr. Naudé **om nou by die V.P. te kom aansluit**, want hierdie party staan vir samewerking.

Die verskil tussen die eenheidsbeleid van die politieke partye en dié van die Ossewabrandwag is dat die partye net PARTY-eenheid soek **deur AANSLUITING by die EIE party, terwyl die Ossewabrandwag as Volksbeweging VOLKS-eenheid soek deur 'n grondslag van SAMEWERKING van die hele volk ONGEAG lidmaatskap aan die Volksbeweging self. Hy wil slegs die MIDDEL wees om die volk byeen te bring en te red, en nie die OORWINNAAR wat alle ander organisasies moet uitklop ten einde die buit alleen te verdeel nie.**

**Die partypolitiek wil eenheid hê om die PARTY te laat wen — die Volksbeweging wil eenheid hê om die VOLK te laat wen. Daarom is die Ossewabrandwag bereid om saam te werk met ander organisasies op 'n grondslag waarop hy vir homself niks vra nie — nie eens 'n enkele setel nie.**

### DEMOKRATE BEGINNADER SKUIF

Die Cape Times van 22 Junie bevat o.a. die volgende in 'n hoofartikel teen die Ossewabrandwag se beoogde stelsel van beroepsverteenwoordiging:

„Dit is vir die Cape Times 'n genot om ten volle met Die Burger te kan saamstem, temeer daar dit 'n saak betref wat die wortels van ons demokratiese en verteenwoordigende instellings raak . . .

„Dit is te hope dat hierdie bewonderenswaardige houding gepaard sal gaan met 'n ewe vasberadenheid om ons demokratiese instellings te beheer in die gees waarin hulle geskep is, en deur ware en daadwerklike samewerking op gesonde beginsels".

## Publiek Sal Vir Parlement Lag

### Voorsorg In Engeland En Suid-Afrika

Die Cape Times berig dat daar eersdaags 'n rolprent van die Britse parlement in sitting gemaak sal word. Dit sal o.a. aan Duitsland vertoon word „as deel van sy heropvoedingsprogram".

Die berig voeg daaraan toe dat die parlement spesiaal vir toneel heringerig sal word, aangesien die reglement verfilming van gewone sittings verbied. Heel noodsaaklik! Want toe Hitler die eerste maal die parlement in gewone sitting gesien het, het hy uitgebars van die lag en uitgestap.

Die verbod op verfilming van die parlement is dan ook 'n goeie voorsorgmaatreël, wat ook in ons land geld, om die agting van die publiek vir die instelling te behou. Niemand mag dan ook by ons na die parlement gaan luister nie, tensy hy skriftelik deur 'n parlementslid uitgenooi word nie, en dan word hy belet om te lag!

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS


**W. VOIGT (Eiens.) Bpk.**
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiings-masjinerie.
Bus 10 . . . HUGENOOT, K.P.

**BEGRAFNISVERENIGING**

SAFFAS BPK.-LTD.

'n Klein Maandelikse Premie dek die hele Familie.
Die Lykbesorger in u dorp is ons agent.
DIE SUID-AFRIKAANSE FEDERASIE VAN BEGRAFNISVERSEKERINGS-VERENIGINGS BEPERK. ... ... ... ...
(Geregistreer onder die Versekeringswet)
82 Beckettsgebou, Presidentstraat 67, h/v. Harrisonstraat,
JOHANNESBURG.

GARAGE TE KOOP
Touwsrivier
Garage met vyf aangrensende motorhuise en twee groot woonhuise op 2 erwe grond. Geleë aan hoofweg, Touwsrivier.
**Prys £2700.**
O.B.-lid sal voorkeur kry.
Doen aansoek by:
Mnr. P. P. MOLLER,
Talentstraat 89 — PAROW.




Dit skep 'n Nuwe Atmosfeer

Hierdie „Globe" eetkamerstel laat u onwillekeurig aan die argitektuur van moderne geboue dink. En as 'n mens dit in een van die ouer huise plaas, skep dit daardie nuwe atmosfeer wat so dikwels na gestreef word.

Agter die halfronde deur van die 4vt. 6dm. buffet is die nuttigste laaitjies wat u kan begeer. Die kassies weerskante daarvan is ruim gemaak en met 'n rakkie in twee verdeel.

Die tafel is 'n voet langer as die buffet, d.i. 5vt. 6dm. En kyk net na die halfronde effek van die swaar pote en die netjiese afronding daarvan. Ses stoele word met die stel verskaf.



Links is 'n sketsie van die nuttige laaitjies in die buffet. Let veral op die indeling van die tweede een van bo.

Die „Globe"-stel word uit Kejaat gemaak, gebywas, of gepoleer. En u kan dit op baie maklike voorwaardes kry — £12/10/- deposito en 18 maandelikse paaiemente van £5/10/- maar ons gee groot afslag vir kontant.

Hierdie stel is natuurlik maar net een voorbeeld van wat ons kan aanbied. U kan gerus na ons verskeidenheid kom kyk by die naaste tak van

EXCELSIOR MEUBELS, BPK.

De Villiersstraat 15, Johannesburg; Meyerstraat 183, Germiston; hoek van Andries- en Pretoriusstraat, Pretoria; Kerkstraat 108, Potchefstroom; Crossstraat 42, Kroonstad; Maitlandstraat 69 en St. Andrewstraat 123, Bloemfontein; Pleinstraat 47—49, Kaapstad.

Of skryf om 'n kostelose geïllustreerde katalogus, pryslys en nadere besonderhede aan Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg. Dit maak nie saak waar u woon nie, ons posbestellingsdiens is tot u beskikking.

